

Maandag 13 April

Skrifgedeelte: Lukas 8:40-56

Fokusgedeelte: Lukas 8:40-56 (19833/53-vertaling)

Redding kom deur geloof alleen

Weereens word dit vir Israel duidelik gemaak dat Jesus self die goeie nuus is. Om Hom aan te raak en om in Hom te glo, is genoeg om herstel van lewe te verkry. Dit waarvan die profete Elia en Elisa se lewens en optrede getuig het (2 Kon. 1-13), word nou 'n werklikheid deur die bediening van Jesus Christus. Hy het immers gekom dat sy broers en susters *lewe en oorvloed* mag hê.

Twee skynbaar uitsiglose situasies word in ons Skrifgedeelte verstrengel: in die een geval 'n vrou wat deur die dokters as 'n hopelose geval opgegee was, en in die ander 'n reeds gestorwe dogtertjie wie se dood deur die wenende roubeklaers bevestig word. In beide gevalle tree die Here Jesus as die Groot Geneesheer van Israel op.

Die wonderwerke wat die ongelowige sinagoge-gangers in Lukas 4 ontwyk het, word hier geopenbaar aan twee uiteenlopende gelowiges (Jaïrus en die bloeiende vrou), wat slegs een ding in gemeen het: hulle geloof in die Here Jesus Christus.

Die wonderbaarlike genesing van die vrou wat aan chroniese bloeding gely het, en die opwekking van Jaïrus se dogtertjie, het destyds gedien om die waarheid van Jesus se woorde te onderstreep. Beide het intussen soos alle ander mense gesterf, maar vir ons wat vandag in Hom glo, wag daar 'n *ewige lewe in die eeu wat kom* (Luk. 18:30).

Daarom is ons wat nou in die laaste dae in Hom glo, baie meer bevoorreg as die skares en dissipels wat destyds agter die Here Jesus aangetou het met die hoop om 'n wonderwerk te beleef. Ons leef binne die tydvak van die volle openbaring van God, die volle evangelie van Genesis tot Openbaring, al die woorde van Jesus, sy profete en apostels. Maar meer nog, ons leef in die tyd van die uitgestorte Heilige Gees wat ons oortuig dat hierdie woorde waar is, wat ons geloof daarin skenk en wat ons verseker van die ewige lewe.

Sing: Psalm 147-1:1, 2

Ds. G Opperman (Gustav) (Matlabas)